Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

# KwartaalKlets 1 van 2026

Geagte Randhart-ouers

Dit is met groot dankbaarheid dat ons elke huisgesin terug verwelkom na die feesseisoen. Ons hoop dat die tyd saam met familie nuwe krag en vreugde gebring het. Mag 2026 vir u en u kind ’n jaar wees van nuwe geleenthede, mooi oomblikke en betekenisvolle groei by Randhart.

Neem gerus kennis:

1. Inligtingsaande/-oggend
   Die jaar skop af met inligtingsaande in ons skoolsaal. Dit is uiters belangrik dat minstens een ouer per gesin die aande sal bywoon. Gedurende hierdie sessies word inligting deurgegee wat noodsaaklik is vir die gladde verloop van ons skooljaar. Soos die gebruik jaarliks is, is daar ook ’n uiters bekwame spreker wat elke aand met ons ouers gesels. Hierdie spreker se tema is elke aand gerig op die spesifieke jaargroep teenwoordig. Ouers moet nie hierdie aande misloop nie. Weens beperkte sitplek kan ons ongelukkig nie leerders akkommodeer nie.

   Geleenthede is as volg:
   - Donderdag 15 Januarie – Graad 1 – 3 (18:00)
   - Saterdag 17 Januarie – Rakkers (09:00)
   - Maandag 19 Januarie – Graad 4 (18:00)
   - Dinsdag 20 Januarie – Graad 5 – 7 (18:00)

2. Atletiek

Ons atletiek skop eerskomende Vrydag af met die jaarlikse huissport. Die byeenkoms begin reeds om 13:10. Om laasgenoemde rede sluit die skool Vrydag 16 Januarie om 13:00.
Graad 1-leerders sal almal 'n geleentheid kry om deel te neem aan hulle items. In die naellope sal hulle egter reeds in groepe gerangskik wees.
In die naelloop-items sal graad 2 tot 7-leerders reeds voor Vrydag uitgedun word. Daar vind hier slegs een wedloop plaas.
Deelname aan die middelafstande en veld-items is egter nie beperk nie en elke leerder kan kom deelneem.
Atlete wat kwalifiseer vir die skoolspan moet reeds op Maandag 19 Januarie aanmeld vir oefening. Die betrokke leerders sal wel kennis kry.

3. Nuwe personeel

Die Randhart personeelkorps gaan van krag tot krag. Ons verwelkom die volgende nuwe personeel tot ons span:

Assistente:

- Me. Mari van den Berg: Rakkers
- Me. Zuanri Olivier: Grondslagfase
- Me. Zanulé Fouché: Graad 4 – 7
- Mnr. Austin du Toit: Tegnologiese ondersteuning IT-departement

Personeel:

- Me. Shouniez Duffey: Graad RR
- Me. Miranda Ras: Graad 1
- Me. Lara Fouché: Graad 2
- Me. Carla Hattingh: Graad 3
- Me. Cindy van der Westhuizen: Graad 4 (voorheen assistent)
- Me. Schazelle Roux: Graad 5 (voorheen assistent)
- Mnr. Reinhardt van Tonder: Graad 6 (voorheen assistent)
- Mnr. JD Prinsloo (LO)
- Mnr. Edrich Brand

4. Skoolfonds

Ek wil ouers vriendelik, maar dringend herinner aan die belangrikheid van die getroue betaling van skoolfonds. Die skool se gladde verloop en daaglikse funksionering is grootliks hiervan afhanklik. Slegs wanneer elke ouerhuis die noodsaaklikheid hiervan verstaan en daarin inkoop, kan ons volhoubaar kwaliteitonderwys en -geleenthede vir ons kinders bied.

5. Fasiliteite

Die graad 6-badkamers, A- en B-netbalbane asook die gewigstootsirkels het gedurende die vakansie ’n merkwaardige gedaanteverwisseling ondergaan. Ons spreek graag ons opregte dank uit aan mnr. Patrick Moroney, Beheerliggaamslid vir geboue en terrein, vir sy leiding en betrokkenheid by hierdie projekte. Mnr. Terblanche het ook ’n groot deel van sy vakansie opgeoffer om toesig te hou en leiding te neem met die projekte. Die atletiekbaan, wat tans in ’n uitstekende kondisie is, is eweneens te danke aan sy toegewyde insette.

6. Gebruik van fasiliteite

Die skool se veiligheidsbeleid vereis dat alle afrigters (skoolpersoneel uitgesluit), wat van die skool se fasiliteite gebruik wil maak, moet vooraf skriftelik daarvoor aansoek doen. Toestemming word slegs verleen onderhewig aan bepaalde reëls en regulasies wat streng nagekom moet word. Sonder die nodige goedkeuring, is die gebruik van die fasiliteite nie toelaatbaar nie. Aansoeke kan by die sportkantoor ingedien word. Afrigters word herinner dat die skool ’n verantwoordelikheid het om die veiligheid en beskerming van alle leerders te verseker.

7. Skooldrag

Die oorskakeling na ’n nuwe sweetpak het saamgeval met die tenderproses. Die nuwe verskaffers, No Limits, is tans besig met die vervaardiging van die nuwe sweetpak. Intussen mag leerders steeds die ou sweetpak dra.

LO-drag is egter steeds beskikbaar by Select Centre (waar ander skooldrag ook verkrygbaar is), asook by B-Free Clothing (Elaine 082 718 6206)

Ons sal u in kennis stel sodra No Limits se aanlynwinkel gereed is. Enige navrae kan per e-pos gerig word aan mnr. Willemse by wwillemse@randhartlaer.co.za.

By Laerskool Randhart droom ons saam met een visie en baie harte. Ons streef daarna om ’n baken van hoop te wees waar die toekoms vorm aanneem. Ons glo daarin om dit wat ons leer, elke dag uit te leef. Deur van “ek” na “ons” te beweeg, bou ons ’n skoolgemeenskap waar samewerking en verbondenheid sentraal staan en waar die gesin altyd eerste kom – want sterk gesinne kweek sterk kinders.

Vat so, 2026!

D F Venter
Skoolhoof